

Sprinkaan leer werk



Sprinkaan lê op sy rug in die skaduwee. Dit is warm en die sonbesies sing. Nou en dan vlieg hy fontein toe om 'n paar druppels water te drink, 'n paar sappige blare te vreet en met Naaldekoker grappies te maak. Dan gaan lê hy weer op sy rug in die skaduwee. Onder hom woel en werkskaf die miere in lang rye terwyl hulle kos aandra nes toe.

"Julle domkoppel!" lag Sprinkaan en gooi 'n stok tussen hulle in. 'n Paar miere laat hul kos val en sukkel om weer in 'n reguit ry te stap. "Julle mors julle tyd!" roep Sprinkaan weer. "Dra kastig al die kos nes toe. Wie gaan dit alles vreet? Die man in die maan?"

"Ons maak kos bymekaar vir die winter," antwoord 'n dapper mier wat teen hierdie tyd al moeg is vir Sprinkaan se geboelie.

"Lyk dit vir jou soos winter?" skater Sprinkaan en wys na die son wat warm op hulle bak.

"Kom lê eerder in die koelte saam met my. Ek raak moeg as ek net na julle kyk".

"Jy gaan spyt wees," waarsku die dapper mier. "As jy nou kos bymekaar maak, sal jy nie in die winter honger ly nie. Dan is dit koud en die kos skaars."

Maar Sprinkaan wil niks weet nie. Hy lê die hele somer in die skaduwee, maak grappies met Naaldekoker en boelie die arme miere.

Stadig maar seker word die dae korter en die nagte langer. Die swaeltjies kom in groot swerms bymekaar en vlieg na warmer lande. Die krimpvarkies, skilpaaie en slange maak gereed om in hul skuilplekke te gaan slaap.

Op 'n dag is die miere klaar met hul werk. Hul spens is vol kos en hul nes is reggemaak sodat geen reën, wind of sneeu daar kan inkom nie.

Toe Sprinkaan vir Naaldekoker by die poel gaan soek, is hy nie meer daar nie. Sprinkaan is ook nie lus om op sy blaar te lê nie, want dit is nou heeltemal te koud in die skaduwee.

Een oggend toe hy wakker word, is die wêreld spierwit van die sneeu.

Hy loer by Krimpvarkie se snoesige holte in. "Ek is honger en ek kry koud," kla Sprinkaan.

"Kan ek asseblief by jou kom skuil?" Krimpvarkie lê so diep onder 'n sagte blaarkombers dat sy hom nie eens hoor nie.

Sprinkaan loer onder Skilpad se dop in. "Ek is honger en ek kry koud," kla Sprinkaan. "Kan ek asseblief by jou kom skuil?" Skilpad gaap net en sê: "Lyk dit vir jou asof hier plek is?"

Sprinkaan gril vir Slang en wil nie graag 'n nes met hom deel nie, maar hy probeer tog. "Ek is honger en kry koud," kla hy. "Kan ek asseblief by jou kom skuil?" Slang se tongetjie flits so gevaarlik dat Sprinkaan nie eers wag vir 'n antwoord nie en sommer die hasepad kies.

Uiteindelik klop Sprinkaan aan die miershoop se voordeur. Hy is half verkleum en vaal van die honger. Hy klop en klop, maar niemand maak oop nie. Toe sien hy 'n bordjie waarop daar in netjiese swart letters geskryf is: *Ons rus. Kom asseblief volgende somer terug.*

Toe die miere die volgende somer hul voordeur oopmaak om weer aan die werk te spring, kan hulle Sprinkaan nêrens kry nie.

En raai hoekom nie.....

Hy was self kliphard aan die werk.

En tot vandag toe sal miere nooit by mekaar verbystap sonder om te stop en die nuus oor te vertel dat Sprinkaan toe uiteindelik sy les geleer het nie.



Doen die volgende oefeninge. Skryf die antwoord in jou boek neer.

Begripsvragies

1. Wat het Sprinkaan die hele somer gedoen?
2. Wat het die miere in die somer gedoen?
3. Wat doen die swaeltjies as dit winter raak?
4. Noem die name van al die insekte in hierdie storie.
5. Watter lessie leer hierdie storie vir jou?

Taallear

1. Soek die volgende:
 - woorde wat begin met 'n f klank.
 - woorde wat begin met 'n v klank.
 - woorde wat eindig met 'n f klank.
2. Soek 8 die meervoude in die leesstuk en skryf dit neer. (bv. blare)
3. Soek die werkwoord en bywoord in die volgende sinne.
 - Dra kastig al die kos nes toe.
 - Hy was self kliphard aan die werk.
4. Soek die selfstandige naamwoord en byvoeglike naamwoord in die volgende sinne.
 - Hy loer by Krimpvarkie se snoesige holte in.
 - Krimpvarkie lê so diep onder 'n sagte blaarkombers dat sy hom nie eens hoor nie.



MEMO

Begripsvragies

1. Wat het Sprinkaan die hele somer gedoen?

Hy lê die hele somer in die skaduwee, maak grappies met Naaldekoker en boelie die arme miere.

2. Wat het die miere in die somer gedoen?

Hulle het hard gewerk en kos bymekaar gemaak vir die winter.

3. Wat doen die swaeltjies as dit winter raak?

Die swaeltjies kom in groot swerms bymekaar en vlieg na warmer lande.

4. Noem die name van al die insekte in hierdie storie.

Sprinkaan, mier en naaldekoker.

5. Watter lessie leer hierdie storie vir jou?

Eie afleiding

Taallear

1. Soek die volgende:

- woorde wat begin met 'n f klank.

fontein, flits

- woorde wat begin met 'n v klank.

vlieg, vreet, val, vandag, voordeur, volgende, vaal, vertel, verbystap, verluim

- woorde wat eindig met 'n f klank.

asof, werkskaf, of, asseblief

2. Soek 8 die meervoude in die leesstuk en skryf dit neer. (bv. blare)

sonbesies, druppels, blare, grappies, miere, domkoppe, dae, nagte, swaeltjies, swerms, krimpvarkies, skilpaaie, slange, skuilplekke, letters

3. Soek die **werkwoord** en **bywoord** in die volgende sinne.

- Dra **kastig** al die kos nes toe.
- Hy was self **kliphard** aan die **werk**.

4. Soek die **selfstandige naamwoord** en **byvoeglike naamwoord** in die volgende sinne.

- Hy loer by **Krimpvarkie** se **snoesige holte** in.
- **Krimpvarkie** lê so diep onder 'n **sagte blaarkombers** dat sy hom nie eens hoor nie.